**PRIMERE SKOOL UNIVERSITAS**

**VOLDIENSSKOOL**

**ONDERSTEUNINGSDIENSTE: AKKOMMODASIEBELEID**

## 1. INLEIDING

Die Departement van Onderwys het 'n Inklusiewe Opvoedingstelsel (Onderwyswitskrif no. 6 van 2001) in werking gestel wat daarop gemik is om leerders met leerhindernisse die geleentheid te bied om binne 'n hoofstroomomgewing hul onderrig te ontvang. Primêre Skool Universitas is daarop ingestel om elke leerder 'n regverdige kans tot opvoeding en eksaminering te bied. Daarvolgens implementeer die skool akkommodasiereëls en -regulasies soos voorgeskryf deur die Departement van Onderwys. Hierdie hulp het deel geword van die skool se daaglikse funksionering en die skool is genoodsaak om 'n beleid op te stel. Volgens die reëls wat deur die departement daargestel is, moet skole soos wat dit vir die skool moontlik is, akkommodasies toepas. Akkommodasies is 'n vergunning en leerders word binne die beperkinge van die skool geakkommodeer. Akkommodasies moet by die skoolprogram en -struktuur aanpas – daar kan nie verwag word dat die skool by akommodasiereëlings aanpas nie. Alle vergunnings wat vir akkommodasies gemaak word, is 'n uitsondering op die reël en kan met geldige redes vanaf die skool se kant gestaak word. Dit is belangrik dat leerders, ouers en personeel hulself vergewis van die inligting wat in die beleid vervat is om sodoende te verseker dat hulle bewus is van die reëls en regulasies wat streng gevolg moet word.

Die Departement van Onderwys beklemtoon die feit dat akkommodering en eksamentoegewings slegs met uitsondering toegestaan word aan hoofstroom leerders. Akkommodasies is die laaste uitweg in 'n intervensiestrategie. Akademiese ondersteuning (in die vorm van ekstra klasse, studieterapie, leeskursusse, medikasie, ondersteuning en betrokkenheid van ouers en onderwysers), moet eers as oneffektief bewys word voordat daar aansoek gedoen word vir akkommodasies.

## 2. AGTERGROND

### 2.1 Tipes hindernisse

Leerders wat by akkommodasies kan baatvind, ervaar gewoonlik een van die volgende hindernisse:

- Gestremdheid (bv. fisiese gestremdheid)
- Leergeremdheid (bv. disleksia)
- Leergestremdheid (bv. disleksia)
- Gedragstoornis (bv. aandaggebrek-hiperaktiwiteit sindroom ADHD)
- Onbeplande situasies (bv. moet in hospitaal met behulp van 'n leser en skrywer eksamen skryf na motorongeluk)
- Onbeplande korttermyn hulp: Leerders wat bv. dominante hand of arm gebreek het

## 2.2 Doel van akkommodasies

Wanneer alternatiewe of aangepaste eksaminering / assessering oorweeg word, moet die doel daarvan wees om 'n gertroue weergawe te verkry van die leerder se kennis en vaardighede wat geassesseer word. Die eksaminering-/assesseringstandaarde mag nie verander nie en sodanige leerder mag ook nie bo ander bevoordeel word nie. Die einigste doel moet wees dat die leerder 'n bilike geleentheid gegun word om te toon of hy/sy aan die assesseringsvereisters kan voldoen.

## 2.3 Belangrike beginsels

Die volgende beginsels moet in gedagte gehou word wanneer akkommodasies in skole toegepas word:

- Alle eksamenregulasies en -reëls geld.
- Redelike aanpassings moet gemaak word en individuele ondersteuning moet gebied word om leerders 'n gelyke kans tot onderrig te gee.
- Die assesseringstandaarde moet nooit verlaag word nie.
- Geen onbillike voor- of nadeel gedurende toetse en eksamens mag toegelaat word nie.
- Akademiese verwagtinge vir alle leerders moet dieselfde wees.
- Die doel is om elke leerder met die nodige toepaslike akkomodasies 'n regverdige kans op gelyke onderwys in die onderwyssisteem te gee.
- Gelyke geleenthede moet vir leerders gebied word om verslag te gee van kennis/vaardighede.
- Akkommodasies moet regverdig, geldig en toepaslik toegepas word.
- **Akkommodasies is slegs vir leerders met die potensiaal om te slaag en met 'n lae tot gemiddelde kognitiewe funksionerende vlak.**
- Addresseer die hindernis - moenie daarvoor kompenseer nie.
- Akkommodasies is nie ontwikkel om immigrante leerders of leerders wie se huistaal nie dieselfde as die taal van onderrig en leer is, te ondersteun nie.
- Leerders sal slegs in formele asseserings en eksamens akkommodasies ontvang.
- **Deurlopende assesserings wat in klastyd plaasvind en 'n punte-toekenning op die verslag/kwartaalpunt van leerder gaan toon, mag so 'n leerder, wat hoë mate van ondersteuning benodig, diè assessering in aparte lokaal aflê met die nodige toestemming van**

**klasonderwyser, 'n mediese verslag aanbeveling en RO Juf. <u>Slegs in uitsonderlike gevalle!</u>**

- Die toepaslikheid en effektiwiteit van akkommodasies word deur die onderwysers en ondersteuningspan bespreek.
- Op aanvraag van die betrokke persoon wat die akkommodasie behartig met 'n leerder, sal die leerder aan 'n gewone assessering of eksamen blootgestel word. Akkommodasies vir spelling geld steeds. Hierdie reëling word as maatstaf gebruik om te bepaal of die akkommadasie steeds sinvol is vir die leerder.
- Indien 'n leerder volgens kognitiewe vermoë presteer, word akkommodasies nie aanbeveel nie – slegs in hoogs uitsonderlike gevalle met meriete.
- Geen akkommodasies word vir grondslagfase leerders aanbeveel nie – slegs in hoogs uitsonderlike gevalle.

## 3. <u>VERANTWOORDELIKHEID VIR REGVERDIGE EKSAMINERING VAN LEERDERS WAT HINDERNISSE M.B.T. ASSESSERING ONDERVIND</u>

### 3.1 <u>Verantwoordelikhede van skool</u>

Die hoof van die skool is verantwoordelik vir die oorkoepelende bestuur en ondersteuning van leerders wat gebruik maak van gedifferensieerde assesserings en aanpassings. Die "School Based Support Team" (SBST) is verantwoordelik vir die identifisering van leerders wat akkommodasies benodig, die voltooiing van aansoekvorms, aanheg van al die nodige dokumentasie, die stuur van dokumentasie na die distrikskantoor en die implementering van besluite wat deur die distrikskantoor gemaak is (Government Gazette, No. 37652, 16 May 2014).

### 3.2 <u>Verantwoordelikhede van Distrikskantoor</u>

Slegs indien aanbevelings deur die Distrik gemaak word, kan die skool dit toepas.

## 4. <u>GROEPERINGE VAN LEERDERS WAT VIR SPESIALE AKKOMMODASIES KWALIFISEER</u>

### 4.1 <u>Die volgende leerders kan vir akkommodasies in aanmerking kom:</u>

- Leerders wat spesiale onderwysbehoeftes het a.g.v. 'n leergestremdheid, leerprobleme of gedragsprobleme of psigo-sosiale sindrome.
- Leerders wat met mediese, sosiale, emosionele of huislike uitdagings gekonfronteer word.
- NB: Akkommodasies word nie toegestaan indien taal die probleem is (wat voorkom) nie. Leerders moet verkieslik in hul moedertaal onderrig ontvang.
- Leerders se behoeftes kan met verloop van tyd verander en moet elke jaar heroorweeg word.
- Die "School Based Support Team" (SBST) sal in samewerking met die distrikspan (DBST) besluite neem rondom die tipe akkommodasies wat aan leerders toegeken kan word. Dus het die praktisyn wat die assessering gedoen het nie die finale sê oor enige leerder se akkommodasies nie.

**Groep 1 bestaan uit leerders met die volgende hindernisse:**

- Dowe leerders
- Hardhorende leerders
- Blinde leerders
- Swaksiende leerders
- Fisies gestremde leerders
- Doofblinde leerders
- Leerders met epilepsie
- Leerders met afasie

**Groep 2 bestaan uit leerders met die volgende** hindernisse:

- Leesprobleme (Disleksie)
- Spellingprobleme
- Skryfprobleme (Disgrafie)
- Probleme met wiskunde (Diskalkulie)
- ADD/ADHD (Ernstig van aard – geen leerder wie se ouers medikasie weier sal geakkommodeer word nie)
- Psigiatriese versteurings

**Groep 3 bestaan uit leerders wat om verskillende redes 'n noodkonsessie benodig:**

- Hospitalisasie
- Beserings en siektes
- Diabetes
- Ernstige trauma
- Enige nood of ernstige krisis

## 4.2 Verduideliking van verskeie hindernisse

**Leerprobleme:**

Leerders kan leerprobleme ervaar wanneer hul hindernisse beleef ten opsigte van die ontvang, verwerking, uitdrukking of herroeping van inligting in een of meer area. Dit kan die leerder se vermoë om te verstaan, te interpreteer, die oordrag van kennis of vaardighede, reseptiewe of ekspressiewe taal, spelling, grammatika, die volg van instruksies, ruimtelike verhoudings, ensovoorts, beïnvloed (Government Gazette, No. 37652, 16 May 2014).

**Ernstige handskrifprobleme:**

Sommige leerders kan presenteer met ernstige probleme ten opsigte van hul vermoë om inligting geskrewe weer te gee. Hierdie hindernisse kan tot so 'n mate voorkom dat dit so te sê onmoontlik is vir die onderwyser om sin te maak van wat die leerder geskryf het (Government Gazette, No. 37652, 16 May 2014).

**Probleme met getalle en numeriese konsepte:**

By sekere leerders kan probleme manifesteer as wiskunde-angs en diskalkulie wat 'n hindernis is wat voorkom in die ontvang, begrip of

produksie van kwantitatiewe en ruimtelike informasie (Government Gazette, No. 37652, 16 May 2014).

**Gedrag en psigo-sosiale hindernisse:**

Indien leerders ernstige gedrag of psigo-sosiale hindernisse beleef, kan dit nodig wees om ondersteuning te bied om die hindernisse te bemiddel. Bogenoemde hindernisse kan tydelik wees, byvoorbeeld in 'n geval waar 'n leerder 'n traumatiese ervaring beleef het of dit kan langdurig wees (Government Gazette, No. 37652, 16 May 2014).

**Outistiese spektrum, Angsversteurings en Aandagtekort-hiperaktiwiteitsindroom:**

Leerders wat enige van die bogenoemde sindrome ervaar, kan gedisoriënteerd raak wanneer hulle aan assesseringsgeleenthede blootgestel word. Bogenoemde kan hierdie leerders verhoed om volgens hul vermoëns te presteer. Aanpassings kan gemaak word om hierdie leerders te akkommodeer en dit kan waardevol wees om hulle soveel as moontlik te bemoedig (Government Gazette, No. 37652, 16 May 2014).

**Mediese toestande:**

Leerders met diabetes, epilepsie en chroniese pyn sal ook aanpassings met eksaminering benodig (Government Gazette, No. 37652, 16 May 2014).

## 5. UITEENSETTING VAN AKKOMMODASIES

### 5.1 Opsomming van akkommodasies:

| Kode | Tipe Akkommodasies | Riglyne wat akkommodasies vergesel |
|---|---|---|
| A | Rusperiodes | Maksimum rusperiode = 45 minute per vraestel (Diabetes, spastiese/fisiese kondisies, Chroniese Moegheidsindroom) afhangend van die lengte van vraestel. Die tyd wat vir die rusbreuk gebruik is, sal bygevoeg word by die leerder se eksamensessie, maar die rustyd kan nie as ekstra skryftyd gesien word nie. |
| B | Ekstra tyd – 5 minute per uur | Leerprobleem (5-20 minute ekstra tyd): Stadige leser/skrywer, kodering- of taalprosesseringsprobleem wat deur gestandaardiseerde sielkundige toetse bevestig is. Fisiese gestremdheid/Fisiese kondisie wat ondersteun word deur mediese verslag. |

| | | |
|---|---|---|
| C | Ekstra tyd – 10 minute per uur | Soos bo |
| D | Ekstra tyd – 15 minute per uur | Soos bo |
| | Ekstra tyd – 20 minute per uur | Soos bo |
| E | Alternatiewe vraagstelling | Blinde en dowe kandidate |
| F | Skrywer (15 minute ekstra tyd) | Leerders met die volgende tekortkominge: Visuele beperktheid, doofheid, hardhorendheid, blindheid, fisiese beperkinge, erge leesprobleme, disleksie, disgrafie, erge spellingprobleme, erge beplanningsprobleme en fisiese gestremdheid. |
| G | Handskrif akkommodasie | Word toegestaan wanneer leerders se skrif onleesbaar is. Nasieners moet hier onnet handskrif akkommodeer. Die Graad waarin die leerder is moet in ag geneem word.<br><br>Leerders sal 'n stempel op hul antwoordstelle kry wat hierdie konsessie aandui. |
| H | Spelling akkommodasie | Word toegestaan indien die leerder se chronologiese en spelouderdom merkwaardig verskil en die leerder dit moeilik vind om gedagtes weer te gee. 'n Stempel sal op hierdie leerders se antwoordboeke geplak word. Met Vraestel 1- dis die taalvraestel - waar tekstuele uitgawe geëksamineer word en spelling deel van die inhoud vorm, sal spelling wel tel. Die graad waarin die leerder is moet in ag geneem word. Grondslagfase is te jonk. |
| I | Medikasie/<br>Voedselinname | Leerders wat gedurende eksamens kos moet inneem of medikasie moet neem kan vir hierdie konsessie saam met 'n rusbreuk aansoek doen. 'n Aparte lokaal word vir hierdie konsessie benodig. |
| J | Beplanner (15 minute ekstra tyd) | Swak aandag en konsentrasievermoë (bv. epilepsie, aandaggebrek-hiperaktiwiteit Sindroom - ADHD/ADD, angsversteurings of ander psigiatriese versteurings). Slegs wanneer 'n leerder op medikasie is en steeds agv bg swak presteer. |
| K | Leser | Visuele gestremdheid of beperking (bv. disleksie). Erge gehoorgestremdheid of fisiese beperking. |

| | | |
|---|---|---|
| L | Aparte lokaal | Leerders wat van 'n leser en skrywer, beplanner of medikasie/voedelinname konsessie gebruik maak kwalifiseer vir hierdie konsessie |
| M | Spesiale hulpmiddels (bv. bandhulp) | Visuele gestremdheid of beperking.<br>Erge<br>gehoorgestremdheid of fisiese beperking. |

**<u>Neem kennis: Finale besluite tot toelating vir akkommodasies word op distriksvlak geneem en NIE deur die skool se Skoolondersteuningspan nie</u>**

## 6. <u>VERDUIDELIKING VAN ALGEMEENSTE AKKOMMODASIES</u>

### 6.1 <u>Ekstra tyd</u>

Daar word tydens eksamens en toetse 5 - 20 minute ekstra tyd vir elke uur toegestaan. Leerders met 'n stadige werkstempo, fisiese gestremdheid (5 – 15 minute per uur), ernstige leerprobleme (5 – 20 minute per uur), chroniese pyn (15 minute per uur), visuele beperkinge (1½ van die tyd van die vraestel) en ouditiewe beperkinge (20 minute per uur) sal in hierdie kategorie val (Government Gazette, No. 37652, 16 May 2014). As 'n leerder 'n leser het, is ekstra tyd gewoonlik onnodig en word ekstra tyd in die klas aanbeveel en toegestaan.

### 6.2 <u>Leser</u>

Indien 'n vraestel vir 'n leerder gelees word, word eksra tyd gewoonlik nie benodig nie. Leerders kan gebruik maak van 'n leser wanneer die leerder oor ernstige leesprobleme (disleksie) of swak leesvaardighede beskik. Die vraag word voorgelees deur die leser en die leerder skryf self die antwoorde neer. Leerders met leesprobleme, ernstige beplanningsprobleme en 'n stadige werkstempo val in hierdie kategorie. Op versoek kan die leser gevra word om vrae of paragrawe oor te lees. Die leser moet verkieslik 'n gekwalifiseerde onderwyser/es wees. Die leser moet alle tye neutraal en onpartydig bly.
Een leser kan vir 'n paar leerders op een slag dieselfde vraestel lees. 'n Aparte lokaal is nodig vir voorlesing. 'n Rusbreuk (minder as twintig minute) kan na twee uur geneem word en 'n tienminuut-rusbreuk vir elke uur vir 'n vraestel wat langer as twee uur duur (Government Gazette, No. 37652, 16 May 2014).
NB – Die onderwyser voorsien 'n ekstra vraestel aan die leser.

### 6.3 <u>Skrywer</u>

Skrywer verwys na die praktyk waar 'n persoon 'n leerder se antwoorde verbatim neerskryf. Leerders kom in aanmerking vir 'n skrywer indien hul skriftelike vermoëns so ver tekort skiet dat 'n ware weergawe van kennis of

vaardigheid nie gebied word nie. Dit het hoofsaaklik te doen met die skryf- en speltekorte van 'n leerder. Leerders wat ernstige liggaamsgebreke het of a.g.v. ‘n besering nie self kan skryf nie, kwalifiseer ook vir ‘n skrywer. Met hierdie konsessie mag die leerder ‘n twintigminuut- rusbreuk neem nadat twee uur van ‘n vraestel verby is en van daar af ‘n tienminuutbreuk vir elke uur met vraestelle wat langer as twee uur duur (Government Gazette, No. 37652, 16 May 2014).

Kriteria vir die gebruik van ‘n skrywer:

- Disgrafie: Leerders met onleesbare handskrif wat nie daartoe in staat is om ‘n rekenaar te gebruik nie.
- Diskalkulie: Dui op ‘n ernstige onvermoë t.o.v. wiskundige bewerkings.
- Ernstige spelprobleme: Wanneer spelling so swak is dat die betekenis en inhoud verlore gaan.
- Ernstige beplanningsprobleme: Kom veral voor by leerders met ADHD wat ‘n ernstige onvermoë het om hulself te organiseer t.o.v. taakvoltooiing en vraestelvoltooiing.
- Fisiese gestremdhede: Dit sluit leerders in wat a.g.v. fisiese tekortkominge nie self hul antwoorde kan skryf nie (bv. serebraalgestremd).

  Vereistes waaraan voldoen moet word:
- NB: Leerders word slegs by Afrikaans- en Engelsvraestelle vir spelfoute gepenaliseer. By geen van die ander vakke word daar vir spelling punte afgetrek nie.
- Alle eksamenreëls en –regulasies geld.

### 6.4 Beplanner / “Prompter”

‘n Beplanner word veral gebruik wanneer leerders aandagafleibaar is. Dit impliseer dat die leerder se aandag teruggebring word wanneer daar gedurende toetse en eksamens afgedwaal word en die leerder se volle aandag nie by die vraestel is nie. Dit kan gedoen word deur ‘n verbale of fisiese aanwysing.

Verder mag die beplanner die leerder help om hom-/haarself te organiseer ten opsigte van tydindeling per vraag en die leerder se aandag kan daarop gevestig word wanneer te veel tyd aan ‘n spesifieke vraag spandeer word. Buiten vir bogenoemde hulp mag die beplanner nie inmeng met die leerder se antwoorde nie. Leerders wat van hierdie konsessie gebruik maak, benodig ‘n aparte lokaal (Government Gazette, No. 37652, 16 May 2014).

### 6.5 Vergrote druk

Indien leerders ernstig swaksiende is, moet vraestelle se lettergrootte vergroot word (Government Gazette, No. 37652, 16 May 2014).

### 6.6 Die gebruik maak van ‘n persoonlike assistent

Leerders wat persoonlike of praktiese hulp gedurende eksaminering benodig, kan gebruik maak van ‘n persoonlike assistent. Die persoonlike assistent kan die leerder help met take soos byvoorbeeld: om bladsye om te blaai, ‘n geheuestokkie by ‘n rekenaar in te druk, die leerder se baadjie uit te trek sowel as persoonlike take gedurende rusbreuke te verrig. Die persoonlike assistent mag verwant wees aan die leerder, maar mag nie die leerder se onderwyser wees nie. Die leerder en persoonlike assistent mag

nie gedurende die sessie oor die eksamen met mekaar praat nie, maar slegs om persoonlike of praktiese take te bespreek. Leerders wat van hierdie konsessie gebruik maak, benodig ‘n aparte lokaal (Government Gazette, No. 37652, 16 May 2014).

### 6.7 Rusbreuk

‘n Rusbreuk is ‘n periode van tyd waar leerders nie by hul tafels moet wees nie, maar wel binne die eksamenlokaal teenwoordig moet wees. Die tyd wat aan leerders vir ‘n rusbreuk gegun word, word nie gesien as ekstra tyd om te skryf nie. Die tyd wat gebruik is vir die rusbreuk sal by die eksamensessie bygevoeg word. ‘n Aparte lokaal word vir hierdie konsessie benodig (Government Gazette, No. 37652, 16 May 2014).

### 6.8 Spelling

Leerders kwalifiseer vir ‘n spellingkonsessie indien daar ‘n groot diskrepans tussen die leerder se kronologiese ouderdom en spelouderdom voorkom en indien leerders se vermoë om hulself voldoende uit te druk in gedrang kom. ‘n Spellingplakker sal op hierdie leerders se antwoordboeke geplak word. Met taalvraestelle waar spelling deel vorm van die inhoudskennis wat getoets word, sal spelling by hierdie afdelings tel (Government Gazette, No. 37652, 16 May 2014).

### 6.9 Medikasie / inneem van kos

Vir sekere leerders kan dit nodig wees om medikasie gedurende eksamens te neem en/of hulle moet toegang hê tot kos om suikervlakke te beheer. Hierdie leerders kan ook gebruik maak van rusbreuke. Leerders wat van hierdie konsessie gebruik maak, moet gewoonlik in ‘n aparte lokaal skryf (Government Gazette, No. 37652, 16 May 2014).

### 6.10 Spesifieke toerusting

Die hoof van die assesseringsliggaam moet in kennis gestel word van enige spesifieke toerusting wat gedurende ‘n eksamen benodig word. Indien die gebruik van spesifieke toerusting steurend kan wees vir ander leerders, moet ‘n aparte lokaal gebruik word (Government Gazette, No. 37652, 16 May 2014).

### 6.11 Die gebruik van rekenaars/woordverwerkers

In sekere gevalle mag leerders van rekenaars gebruik maak om hul antwoorde te tik en uit te druk om nagesien te word. Standaard-formatering mag op die rekenaars wees, maar die rekenaars mag nie enige gestoorde inligting op hê nie en mag nie aan enige databasis gekoppel wees nie. Leerders mag nie van voorspelbare teks, grammatikale of spelkontroleerders of ‘n tesourus gebruik maak nie. Indien daar meer as een leerder in ‘n lokaal met ‘n rekenaar skryf, mag die rekenaars nie aan mekaar of die internet gekoppel wees nie. Leerders se werk moet aan die einde van die sessie uitgedruk word en nagegaan word om werk te verifieer. Leerders wat van hierdie konsessie gebruik maak, benodig ‘n aparte lokaal (Government Gazette, No. 37652, 16 May 2014).

### 6.12 Ad hoc-ondersteuning

Hierdie konsessie word toegepas in situasies soos byvoorbeeld: beserings, trauma en hospitalisering wat net voor of gedurende assesserings plaasvind. Indien 'n ad hoc- reëling vir 'n leerder getref moet word, moet die hoof van die eksamineringsliggaam die besluit neem. Ondersteuning kan behels dat leerders by 'n alternatiewe sentrum eksamens voltooi of die uitstel van eksamen.

### 6.13 Aparte lokaal

In uiterste geval van aandagafleibaarheid en angstigheid. Moet behandeling ontvang in terme van medikasie.

## 7. AANSOEKPROSEDURE

7.1 Die prosedure is soos volg:

Neem kennis: Geen onderwyser, leerder of ouer kan alleen besluit dat 'n leerder 'n akkommodasies moet ontvang nie. Akkommodasies sal slegs deur die Ondersteuningsdienste hanteer word indien die korrekte prosedure gevolg is.

Die proses begin by die klasonderwyser met formele en informele assesserings. Indien die onderwyser voel dat 'n leerder moontlik kan baatvind by akkommodasies, moet hy/sy die leerder by die ondersteuningspan aanmeld.

Personeel moet gedurende SOS bespreking leerders met hindernisse aanmeld, sodat dit agterna by die leerder se aansoek aangeheg kan word. Dit kan dien as bewyse vir die historiese verloop van onderprestasie en hulpverleningstrategieë wanneer daar vir 'n akkommodasie aansoek gedoen word. Onderwysers moet duidelik die vakke waarin sodanige leerder probleme ervaar, spesifiseer.

Soms gebeur dit dat akkommodasies deur ouers aangevra word om verskeie redes. Die versoek word dan met die personeel wat by die leerder betrokke is, bespreek – met die klem op die taalonderwysers en indien nodig, wiskunde-onderwysers se insette.

Die Ondersteuningsdienste neem ook die leerderbesprekings (SOS-vergaderings) waarby leerders se klasonderwysers ingesit het, in ag wanneer dit by nuwe aansoeke kom. By die leerderbesprekings word besluit of akkommodasies wel die beste opsie t.o.v. die spesifieke geval sal wees. Indien meer sinvolle intervensie-opsies na vore kom, sal dit eers uitgetoets word voordat die akkommodasie-opsie weer bespreek word. Indien onderwysers voel dat die leerder nie 'n kandidaat vir akkommodasies is nie, sal dit so deurgegee word en sinvolle bewyse aangeheg word.

Indien die personeel en die ondersteuningspan besluit dat 'n akkommodasie die beste opsie is, sal die aansoek deur die Ondersteuningsdienste hanteer word.

Indien die leerder geen formele toetsing ten opsigte van die aard van sy/haar hindernis ondergaan het nie, sal die nodige toetsing deur die Ondersteuningsdienste aan die ouers gekommunikeer word. Soms het ouers reeds 'n brief/verslag vanaf 'n professionele persoon wat die personeel se bevindinge ondersteun en dan word hierdie brief/verslag by die aansoek aangeheg. Indien die verslag en aanbeveling verouder is, mag 'n opvolgverslag

versoek word. Verslae ouer as drie (3) jaar word nie deur die (DBST) aanvaar nie.

**Die ondersteuninsgspan behou die reg voor om 'n tweede opinie te versoek.**

- Die ouers word dan skriftelik in kennis gestel van die aanbeveling van die aanbevole akkommodasies vir hul kind.
- Die ouers voltooi 'n toestemmingsbrief , waar hulle skriftelik toestem tot gespesifiseerde akkommodasies vir hul kind. Geen leerder mag akkommodasies ontvang voordat die skool nie in besit van bogenoemde toestemmingsbrief is nie.
- Die Ondersteuningsdienste benodig twee kopieë van die volgende dokumentasie wanneer daar vir 'n akkommodasie aansoek gedoen word:
- 'n Verslag/brief vanaf 'n professionele persoon wat die leerder geëvalueer het of by wie die leerder terapie ontvang. Voorbeelde van professionele persone sluit in: spesialiste, psigiaters, sielkundiges, neuroloë, pediatriese neuroloë en arbeidsterapeute. (Die ondersteuningspan mag 'n tweede opinie versoek.)
- Alle mediese, terapeutiese en sielkundige verslae van vorige toetsings in besit van die ouers moet ook ingestuur word. Dit dien as historiese inligting wat die akkommodasie ondersteun. Dit bestaan uit vorige briewe waarin professionele persone die leerder se situasie bespreek of verduidelik, rapporte of selfs 'n brief vanaf die ouer waarin die geskiedenis verduidelik word.
- Voorbeelde en bewyse van intervensies wat reeds plaasgevind het (bv. leerderondersteuningvorms).
- Die laaste twee rapporte wat die leerder ontvang het.
- Na afloop van die toetsings en met ontvangs van alle dokumentasie, word elke leerder se situasie heroorweeg om die mees gepaste (indien enige) akkommodasies te identifiseer.
- Die departementele aansoekvorms volgens die SIAS beleid word dan deur die Ondersteuningsdienste voltooi en na die departement gestuur.
- Die leerder onderteken 'n onderneming wat onder andere aandui dat hy onderneem om samewerking in die klassituasie te lewer, moeite te doen met huiswerk, toetse en take en dat dit 'n spesiale vergunning is om akkommodasies te ontvang.
- Volgens departementele reëls mag akkommodasies nie op 'n voorwaardelike basis deur die Ondersteuningsdienste aan 'n leerder toegestaan word nie. Leerders mag slegs 'n akkommodasie ontvang sodra goedkeuring vanaf die departement ontvang is. Vanaf 2014 moet leerders ook in besit wees van 'n LSEN (Leerders met Spesiale Onderwysbehoeftes Nommer). Die skool sal saam met die akkommodasie-aansoek die nodige dokumentasie na die departement stuur om vir die nommer aansoek te doen.
- Alle besluite en korrespondensie rakende 'n leerder word by die Ondersteuningsdienste aangeteken/gebêre.
- Leerders kan nie hulself op die konsessielys plaas of daarvan verwyder nie. Dit sal slegs d.m.v. die Ondersteuningsdienste geskied.
- Laastens word die leerders se ouers in kennis gestel van die departement se aanbeveling. Inligting rondom toetse en eksamens word dan aan die ouers deurgegee sodat leerders voor toetse en eksamens van reëlings bewus kan wees.
- Akkommodasies word jaarliks in heroorweging geneem deur die ondersteuningspan en na die distrik (DBST) gestuur vir goedkeuring.

## 8. ALGEMENE REËLS EN REGULASIES

8.1 Die volgende reëls en regulasies het betrekking op alle akkommodasies:

Akkommodasies is 'n voorreg - nie 'n reg nie.

Geen ouer of leerder kan besluit dat 'n leerder akkommodasies moet ontvang nie. Dit sal slegs oorweeg word indien die korrekte prosedure gevolg is.

Indien leerders by drie verskillende geleenthede sonder 'n toepaslike rede nie hul akkommodasies gedurende toetse/eksamens gebruik het nie, sal dit verbeur word. Verskonings moet (indien moontlik) die Ondersteuningsdienste ten minste drie dae voor 'n toets of eksamen bereik.

Indien die konsessie na afloop van kansellasie steeds verlang word, sal ouers weer heraansoek moet doen. Die skool sal dan 'n bykomende brief saam met die aansoek na die departement stuur. Genoemde brief sal die redes wat tot die verbeuring van die konsessie gelei het, uitstip.

Indien personeel dit onder die Ondersteuningsdienste se aandag bring dat leerders hulself aan enige van die volgende skuldig maak, sal die akkommodasies ook soos bo genoem,verbeur word. Heraansoek sal eers die volgende jaar geskied en sal ook vergesel word van 'n brief vanaf die skool waarin die saak uitgestip word:

- 'n Negatiewe of arrogante houding.
- Onbetrokkenheid gedurende lesaanbiedings.
- Leerder wat versuim om huiswerk of opdragte te doen.
- Onbereidwilligheid om te werk.
- Swak gedrag teenoor onderwysers of personeel van die ondersteuningsdienste
- Ouers mag ook nie hulself aan die bogenoemde skuldig maak deur personeel te intimideer nie.
- Indien die leerder of toetsafnemer laat is vir toetse en eksamens.
- Indien die leerder nie direk na toetse en eksamens klas toe gaan nie.
- Oneerlikheid van enige aard.
- Ontoereikende skool- en klasbywoning sonder geldige redes.
- Verontagsaming van algemene eksamenreëls en -regulasies (bv. voorkomsreëls word oortree).

In geval van enige oneerlikheid sal die leerder sy/haar konsessie vir die res van die jaar verbeur en sal daar eers weer die volgende jaar geleentheid wees om vir 'n nuwe konsessie aansoek te doen. Met die aansoek sal die leerder en ouers 'n brief moet indien wat die konsessie motiveer. Die brief sal by die aansoek aangeheg word. Die skool sal ook 'n brief aanheg wat die aard van die oneerlikheid verduidelik en 'n aanbeveling t.o.v. die konsessie sal gemaak word.

Oneerlikheid word gesien as enige van die volgende:

- Indien 'n leerder of toetsafnemer enige ongemagtigde materiaal in hul besit het wanneer 'n toets of eksamen afgelê word. Tasse moet ook weggebêre word en mag nie in die lokaal wees nie.
- Die besit van 'n selfoon.
- Indien 'n toetsafnemer nie die leerder se antwoorde verbatim neerskryf nie.
- Indien leerders vir toetsafnemers vrae rondom die vraestel vra en nie slegs net antwoord verskaf nie.
- Indien daar enige ander vorm van kommunikasie plaasvind, bv. Nie-verbale kommunikasie of indien die leerder en toetsafnemer gesels en vrae bespreek asook die bespreking van taal of die spelling van woorde.

8.2 Die volgende proses moet streng gevolg word:

- Die toetsafnemer lees die vraag, die leerder gee mondeling 'n antwoord. Die toetsafnemer skryf verbatim neer wat die leerder sê. Indien die leerder onseker voel, lees die toetsafnemer slegs weer dit wat op die antwoordstel staan en wag vir die leerder om soos hy/sy dit nodig ag, die antwoord te verander. Die toetsafnemer mag slegs 'n vraag herhaal indien die leerder nie weet wat die antwoord is nie of nie verstaan wat die vraag behels nie. Toetsafnemers mag onder geen omstandighede hul eie inisiatief neem nie.
- Die skool behou die reg voor om toetsafnemers te identifiseer asook enige ander goedgekeurde toetsafnemer aan te bied wat deur die ouers betaal moet word – mits al die afnemers by die skool se aantal akkommodasies reeds vol is.
- Indien leerders laat vir 'n eksamensessie opdaag, word die tyd wat reeds verby is, verbeur. Leerders sal slegs geleentheid kry om die vraestel binne die tyd wat oor is, te voltooi.

8.3 Die volgende is belangrik om te onthou wanneer 'n leerder van 'n leser of skrywer gebruik maak:

- Die toetsafnemer mag geen verwantskap met die leerder hê nie en moet verkieslik 'n onderwyser wees. Die toetsafnemer mag ook nie 'n familielid of familievriend wees nie. Dit moet 'n objektiewe persoon wees.
- Gedurende toetse en eksamens mag daar glad nie geëet of gedrink word nie. Leerders mag ook nie sonder toesig badkamer toe gaan nie. Leerders en toetsafnemers moet voor die aanvang van die sessie die badkamer besoek.
- Personeel en departementele beamptes mag op enige tydstip gedurende 'n sessie by die leerders insit.

**8.4 Hoe word merk van taal hanteer**

| **Afdeling** | **Wat word getoets** | **Reëls tov spelling** | **Reëls tov toetsafnemer** |
|---|---|---|---|
| Afdeling A | Begripslees - Begrip; visuele geletterdheid; lê van verbande. | Word nie vir spelling gepenaliseer nie. Foute word deur onderwyser aangedui, maar punte word nie afgetrek nie. Met direkte aanhalings moet spelling egter korrek wees. Indien dit nie korrek is nie, word punte wel afgetrek. | Leser en skrywer:<br>Leser en skrywer lees voor vir die leerder en skryf alles verbatim vir die leerder neer. Indien daar enige direkte aanhaling uit die leesteks verlang word, moet die leerder dit self op rof skryf. Die leser en skrywer skryf dan oor, want die leestekengebruik en transkripsie daarvan word soos spelling beoordeel. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | Handig rofwerk in.<br>Leser:<br>Leser lees voor vir die leerder. Leerder skryf alles self |
| Afdeling B | Opsomming – Uithaal van kerngedagtes; formulering van die kerngedagtes in eie woorde. | Verkeerde spelling word nie gemerk nie. | Leser en skrywer:<br>Die Skrywer skryf verbatim die leerder se antwoorde neer.<br><br>Leser:<br>Leser lees voor en die leerder skryf alles self. |
| Afdeling C | Taalleer | Verkeerde spelling word hier gemerk, want taalfasette word getoets. | Leser en skrywer:<br>Leser en skrywer lees vrae. LEERDER SKRYF ALLES SELF.<br>Leser: Leser skryf alles self. |
| | Stelwerk – Opstel toets<br>kreatiwiteit;<br>kennis van<br>formaat;<br>uitdruk/ordening van gedagtes; oorsaak en gevolg; chronologiese verloop van gebeure. | Inhoud; taal-en-styl; formaat tel die meeste. Spelling is nie van belang nie. | Leser en Skrywer:<br>Leerder doen sy/haar eie beplanning (spinnekop-diagram) asook eerste poging volledig in sy/haar eie skrif. Dit moet ingedien word. Die finale opstel word deur die leerder verbaal voorgehou en die leser en skrywer skryf verbatim neer soos die leerder praat. Die leerder moet in alle opsigte vir die leser en skrywer sê waar om te begin, waar lyne oopgelos word, waar leestekens gebruik moet word, paragrawe, ensovoorts. |

## 9. WEDERSYDSE INAGNEMING

Wedersydse inagneming en samewerking tussen leerders, ouers, toetsafnemers en personeel van Primêre Skool Universitas is van kritiese belang om die stelsel te laat slaag. Hierdie skrywe is die begin van ‘n beleid vir akkomodasies.

**HIERDIE BELEID IS ONDERHEWIG AAN VERANDERING AFHANGENDE VAN BESLUITE DEUR DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN DIE BESTUUR VAN PRIMêRE SKOOL UNIVERSITAS.**



______________________

Mnr N Gunter (Skoolhoof)